# DIE OLYFBOOM

In die brief aan die Romeine kry ons die volledige prentjie van die Evangelie. In Rom. 1 - 8 sien ons hoe mens die Koninkryk van die Hemel kan betree en waaroor dit alles handel. In Romeine 9 – 11 lees ons wie ons is en vanaf Rom. 12 – 16 leer ons hoe om ons geloof uit te lewe.

Die Olyfboom waarvan ons in Rom. 11 lees, se fondasie is in die Torah. Nogtans is die interpretasie nie heeltemal soos wat dit via die Hebreeuse Wortels komende van hulle leraars vanuit Judaïsme geleer word nie, in diè sin dat hulle dit sien as 'n <u>fisiese</u> Levitiese vervulling in stede van die <u>geestelike</u> MelekTzadekvervulling.

Rom. 11:16 skep die indruk dat die "eersteling" en die "wortel" sinoniem is. Abraham was afgesonder deur geloof en daarna het JaHUaH Sy Verbond met Abram gesluit in Gen. 15, waaraan ook verdere beloftes i.v.m. sy nageslag gekoppel was. Sy nageslag manifesteer hier in Rom. 11 as "takke".

> Rom. 11:16 En as die **eerstelinge afgesonder is**, dan die deeg ook; en **as die wortel afgesonder is**, dan die takke ook.

Ons lees van die wortel in Jes. 11:10, Rom. 15:12 en Open. 5:5. Dit dui hier op Messias JaHUsha wat 'n Banier vir die nasies is. Hy was uit die stam van Juda (een stam as Oorblyfsel en verteenwoordigend van fisiese Israel) waaruit Dawid ook was. Dawid/Dawied beteken "Geliefde", so was JaHUsha JaHUaH se "**Geliefde** Seun in wie Hy 'n welbehae het", Matt. 3:17 (Sy "Dawied-Seun"). Hier ontmoet en skei die fisiese en die geestelike.

> Jes. 11:10 En in diè dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.

> Rom. 15:12 En Jesaja sê ook: Die wortel van Isai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.

> Open. 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.

Die Olyfboom is 'n planting van JaHUaH soos Jeremia getuig as hy met Israel praat en onthou dat Jeremia ook 'n Profeet vir die nasies was (Jer. 1:5).

> Jer. 11:16 – 17 JaHUaH het jou die naam gegee: **groen olyfboom**, skoon deur mooi gevormde vrugte; *maar* by die geluid van 'n groot gedruis het Hy 'n vuur daarteen aangesteek, en sy takke het gebreek.

> Want JaHUaH van die leërskare wat jou geplant het, het onheil teen jou gespreek weens die boosheid van die huis van Israel en die huis van Juda, wat hulle graag gedoen het, om My te terg deur rook te laat opgaan vir Baäl.

**DIE FONDASIE VAN ROMEINE 11 IS IN DIE TORAH**

Skriftuurlike Israel se fondasie lê in Abraham, Isak en Jakob as die Aartsvaders.

Abraham het geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Rom. 4:3, 9 – 25). Omdat hy geglo het, het JaHUaH met hom 'n Verbond gesluit waarby beloftes aan hom en Isak en Jakob betrokke was.

> Gen 15:6 En **hy het in JaHUaH geglo**; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.

> Rom 4:9 Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: **Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken.**

Weens Abraham se geloof in JaHUaH (Gen. 15:6) het JaHUaH met hom 'n Verbond gesluit in Gen. 15 en verdere Verbondsbeloftes is gegee, ook aan Isak en Jakob is die beloftes herhaal. In Abraham, Isak en Jakob is dan die wortels van ons geloof en dis waar Romeine 11 by aanhaak. Lees ook Heb. 11:8 – 22, 39 - 40.

Abraham het toe alreeds JaHUsha se "dag gesien" (Joh. 8:56, Gen. 22). Net deur geloof in JaHUsha as Messias kan takke dan op die Olyfboom ingeënt word, Rom. 11:20b. Die takke is simbolies van:

1. 'n fisiese volk Israel wat nie glo nie (Rom. 11:20a) of,
2. 'n geestelike Israel wat wel glo (Rom. 11:20b).

Die beloftes wat Abraham gekry het was ook beide vir:

1. 'n fisiese volk Israel ('n nageslag soos die sand van die see, bv. Gen. 22:16 – 18) en
2. vir 'n geestelike Israel ('n nageslag soos die sterre van die hemel, bv. Gen. 15:5, Gen. 22:16 - 18).

Uit die fisiese Israel, uit die stam van Juda, het JaHUsha as diè Saad gekom waaruit geestelike Israel verder aan gebore is nadat fisiese Israel (tesame met hulle fisiese koninkryk) as takke afgebreek is weens hulle ongeloof (Rom. 11:20, Matt. 8:11 – 12, Matt. 21:42 – 45).

In Gal. 3:6 - 29 laat Paulus die lig val op die SAAD en die "Kehelat Elohiem", die Ekklesia/Gemeente.

> Gal. 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan **sy Saad**. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan **jou Saad, dit is Messias**.

In Gen. 28:3 ontvang Jakob ‘n seën t.o.v die **Fisiese <u>Volk</u>** *[<u>**Am**</u>, H5971 = a people (as a congregated unit); specifically a tribe (as those of Israel)]*, maar daarna beleef hy ‘n ondervinding van “wedergeboorte” by die Jabbokrivier waar hy **“Geestelike” Israel** word.

(Met die naam “Jakob” is hy meestal simbolies van die fisiese volk, maar as hy Israel genoem word, Gen. 32:24 - 28, is dit simbolies van geestelike Israel wat deur geloof uit JaHUsha as Saad gebore sou word.)

Verder aan in Gen. 35 belowe JaHUaH hom dan dat hy ‘<u>n</u> Nasie (Goy) **en ook** ‘n Gemeente van Nasie<u>s</u> (‘n “Kahal” van “Goyim”) sal word.

Gen. 28:3 se vertaling in  verskillende Bybels, spesifiek vir die gedeelte “**Kahal Am’im**”, is nie eenders nie en in hierdie geval is die Nuwe Vertaling beter as die Ou Vertaling in Afrikaans:

> Gen. 28:3  And Elohim Almighty bless thee, and make thee fruitful, and multiply thee, that you mayest be a **multitude of people**.  (KJV)
>
> Gen. 28:3  Elohiem die Almagtige sal jou seën:  Hy sal jou vrugbaar maak en jou ‘n groot nageslag gee.  Jy sal ‘n <u>**baie groot volk**</u> word.  (Nuwe vertaling)

Die seën in Gen. 35 verskil van diè in Gen. 28:3 omdat Jakob intussen “geestelik gebore” is toe sy naam na “Israel” verander is.

> Gen. 35:11  Verder sê Elohiem vir hom:  Ek is Elohiem, die Almagtige.  Wees vrugbaar en vermeerder.  **‘n Nasie** *(Goy)*, ja, **‘n menigte van nasies** *(Kahal Goyim)*, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom.

Fisiese Israel is die “‘<u>n</u> Nasie” en geestelike Israel is die “Gemeente/Menigte van nasie<u>s</u>”. (H6951, Kahal = assembly, company, congregation, multitude)

Hy belowe Jakob dat die Land aan sy saad gegee sal word, net soos dit aan Abraham belowe is, Gen. 15:18.  Dit het reeds in vervulling gegaan in 1 Kon. 4:20 – 21, wat beteken dat ons nie meer hoef uit te kyk vir die vervulling van profesieë aangaande ‘n fisiese volk Israel se fisiese land nie.

Daarna beweeg Paulus na Gen. 48:19 waar die skeiding tussen die fisiese volk Israel (Am) en die geestelike Israel (Melo HaGoyim) plaasvind, toe Manasse die “**Am**” (‘n groot groep mense op een plek, ‘n volk) word en Efraim word die “**Melo HaGoyim**” waarvan Paulus praat in Rom. 11:25, wat uit die Grieks  vertaal is as “**die Volheid van die Heidene**”. (“Melo” word vertaal met “Volheid” en Goyim is “Nasies/Heidene”.

"Am" as die fisiese volk Israel en "Melo HaGoyim" as die Geestelike Israel, die Gemeente van Nasies, vind ons in Gen. 48. Dit kom na vore in die seën van die seuns van Josef (JaHUsef in Hebreeus).

> Gen. 48:14 Toe steek **Israel** sy regterhand uit en lê dit op die hoof van **Efraim**, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van **Manasse**: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene.
>
> Gen. 48:16 – 20 die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het – mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle **my naam genoem word** en die naam van **my vaders Abraham en Isak**, en mag hulle vermeerder in die land in menigte.
> Toe JaHUsef sien dat sy vader sy regterhand op die hoof van Efraim gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die hoof van Manasse oor te bring.
> En JaHUsef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof.
> Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet Hy sal ook **'n volk** *(Am, H5971)* word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal **'n menigte van nasies** *(Melo HaGoyim,* H4393 + H1471) word.
> So het hy hulle dan diè dag geseën en gesê: Met jou sal Israel 'n seën toewens, met die woorde: Mag Elohiem jou maak soos Efraim en soos Manasse! So het hy dan **Efraim voor Manasse gestel**.

JaHUsef beteken: "JaHUaH voeg by" (H3084, H3254). Daaruit kan ons aflei dat dit JaHUaH se wil was om deur JaHUsef (deur middel van sy seuns) by te voeg (soos Hy ook deur JaHUsha byvoeg tot geestelike Israel).

Manasse beteken "Vergeetagtig", so het fisiese Israel "vergeet" wat die profete oor Messias JaHUsha geprofeteer het en Hom nie herken toe Hy na Sy eiendom gekom het nie (Joh. 1:11). Efraim beteken "Dubbeld Vrugbaar" en so het geestelike Israel aangegroei tot 'n Gemeente van Nasies of dan tot die "Volheid van die Nasies", deur die geloof in JaHUsha as Messias.

Eersgeborenes het 'n dubbele porsie geërf en ons let dan op dat al was Manasse die fisiese eersgeborene, is Efraim gesien as die eintlike eersgeborene, m.a.w. Efraim is gesien as die Geestelike Eersgeborene, vergelyk 1 Kor. 15:46 en 2 Kor. 4:18.

JaHUsef wou sy vader teregwys aangesien Manasse die eersgeborene is, maar sy vader het geweier (Gen. 48:19) want dis belangrik as 'n profesie t.o.v. fisiese en geestelike Israel. Geestelike Israel is die jonger broer wat groter sal wees as die fisiese volk van Israel wat eerste "gebore" was (1 Kor. 15:46, 2 Kor. 4:18).

Manasse en Efraim se ma was van Egiptiese oorsprong en verbonde aan die Egiptiese songodsdiens se priesterskap. Babiloniese/Egiptiese songodsdiens het onderskeidelik vir beide fisiese Israel en geestelike Israel "grootgemaak".

Maar hulle pa JaHUsef, was deel van die saad waaroor Abraham, Isak en Jakob/Israel beloftes gekry het. Soos JaHUsef, het JaHUsha (as die Saad) ‘n “heidense” bruid bekom uit die Christendom wat in uiterlike mondering betrokke is in Egiptiese songodsdiens.

**DIE TOEPASSING VAN DIE TORAH IN ROMEINE 11**

Die Jode wat nie in JaHUsha geglo het nie, wat die meerderheid was, is in Rom. 11 die afgebreekte takke, maar hulle was eintlik net ‘n baie klein oorblyfsel van die fisiese volk Israel as ‘n geheel. As mens Romeine 9 – 11 lees is dit duidelik hoedat Paulus probeer verduidelik dat “almal uit Israel nie Israel is nie” (Rom. 9:6) en dit voeg dan toe tot die begrip van wie die afgebreekte takke verteenwoordig.

Dit word ook duideliker as mens lees hoe hy verduidelik dat die “hele Israel” gered sal word vanweë die Verlosser wat uit Sion kom (Rom. 11:26, Jes. 59:20), m.a.w. gered deur geloof in Messias JaHUsha.

Fisiese Israel was verblind terwyl die nasies ontsluier is. So lees mens Rom. 11:7 - 8 deur die bril van Jes. 25:7.

> Rom 11:7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.
> Rom 11:8 Soos geskrywe is: Elohiem het hulle gegee ‘n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.
>
> Jes 25:7 En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is.

Dit is die wonderbaarlike plan van JaHUaH sodat fisiese Israel ook gered kan word saam met die Romeine wat hier die Nasies verteenwoordig en kan dan as takke teruggeënt word as hulle soos die dissipels en soos Paulus in JaHUsha as Messias sou glo.

> Rom 11:30 Want soos julle *(die Romeine)* ook vroeër aan Elohiem ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid,
> Rom 11:32 Want Elohiem het hulle **almal** in die ongehoorsaamheid ingesluit om **vir almal** barmhartig te kan wees.

Fisiese Israel se ongehoorsaamheid aan JaHUaH is net soos diè van die Romeine en enige Nasie gesien. Almal word dus een in Ongehoorsaamheid en dan kan almal weer Barmhartigheid ontvang deur geloof in JaHUsha as Messias, sodat daar vir **Almal** uiteindelik genade is ... deur geloof, en nie sonder geloof nie (Hand. 16:31).

Die evangelie is eerstens vir die Jode aangebied en op grond van hulle weiering om dit te aanvaar, is dit verder na die nasies geneem.

Hand. 13:45 – 46  Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is.
Maar Paulus en Barnabas het vry-uit gespreek en gesê:  Dit was **noodsaaklik** dat die woord van Elohiem **aan julle eers** verkondig moes word.  Aangesien julle dit egter **verwerp** en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die **heidene**.

Dis so 'n diep en wonderbare plan dat Paulus heeltemal weggevoer raak as hy uitroep:

Rom 11:33  O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van Elohiem! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
Rom 11:34  Want wie het die gedagte van JaHUaH, of wie was sy raadsman gewees?
Rom 11:35  Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
Rom 11:36  Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amein.

**SLOTGEDAGTES**

Dit is alles uit die pen van Paulus wat die Torah so goed geken het dat hy dit alles kon resiteer al sedert hy 'n tiener was, daarom kon hy alles "aanmekaar sit" nadat JaHUsha en die Gees sy leermeerster geword het.

Die boek Hosea sluit ook hierby aan.  Wat dan van die verstrooide fisiese Israel?  Dit is agter die skerms wel in die prentjie maar dit is glad nie ons saak nie, want ons het 'n spesifieke rol en fokus gekry vanuit die Torah van Messias, die Hernude Verbond (N. T.).

Daar sal wel 'n terugeis wees van die Fisiese saad deur JaHUaH (Amos 9:9, Hos. 8:8), omdat Satan dit gekaap het vanaf Adam, maar dit het niks met ons te doen in ons rol in Hand. 3:21 nie, omdat ons fokus op die Geestelike eindbestemming van Open. 21 - 22.

Soos wat Israel verstrooi/gesaai was in die nasies, het ons die **omgekeerde** in JaHUsef.  Soos daar in JaHUsef vir die wêreld van daardie tyd redding was, so is JaHUsha vir die wêreld van vandag 'n Verlosser en kom die verstrooide saad byeen in Hom.

Joh. 3:16  Want so lief het Elohiem die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die Vrug van die "vettigheid" van die Verbondsbeloftes aan Abraham, Isak en Jakob word vergestalt wanneer gelowiges dan soos Takke ingeënt word op die Wortel of Fondasie in die Torah  (Abraham, Isak en Jakob) en wel deur geloof in diè Saad, JaHUsha Messias (Rom. 11:20b, Gal. 3:16).

Dit is die Skriftuurlike Israel waaraan beide die Jood en die Griek behoort en dit was die Groot Plan van JaHUaH van die begin af (hier aangebied in 'n neutedop) soos Hy dit vasgemaak het in die Torah.  HalleluJaH!

> Rom 1:16  Want ek skaam my nie oor die evangelie van Messias nie, want dit is 'n krag van Elohiem tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2017